

DIE KLEIN KAPKAR.

Die Klein Kapkar verskil heelwat van die Groot Kapkar. Die Klein Kapkar is 'n enkel disselboom twee wiel tentkar met net 'n een ry sitplek.

Algemene spesifikasies is: Tweewiel, enkeldisselboom, enkelbank, vier tentrame, gebuigde modderskerms, twee lengtevere en een dwarsveer agter en sitbank met kissie onderaan.

Wiele as en vere:

Hoewel die meeste aste gekruk is kom reguit aste ook soms voor. Wiel deursnee is mees algemeen 1.2 tot 1.3 meter. Die Klein Kapkar wat as donkiekar gebruik is se wiel deursnee is soms onder een meter. Party Klein Kapkarre het nie 'n agterste dwarsveer nie en werk nes die bokkiekar slegs met die twee lengtevere. Swingels as feitelik altyd aan die as gekoppel met 'n swingelyster.

Die raam.

Die onderstelraam bestaan uit twee lengtebalke en vyf dwarsbalke met vier karrettolle agter en twee voor. Die tolle is soms vierkantig. Die trappe is gewoonlik enkel en sit net aan die voorkant. Die voetplank is skuins weggelig van die raam en die spatbord gewoonlik regop met leiselraam bo en handvatsel langs die kant. Binne die spatbord is gewoonlik 'n sweephouertjie.

Die bostel.

Die algemene bouvorm is twee yster-rame wat die vloerplank voor en die sitbank in die middel dra. Die bank het gewoonlik 'n klein kissie onder. Verder bestaan die bostel ook uit 'n gestoffeerde skuins raam op die kante, rugleuning, modderskerms, 'n lamphouer aan elke kant en soms armleunings. Die sykante kan soms soliede hout panele hê wat deel van die kis en sitplek uitmaak.

Die disselboom.

By sommige klein kapkarre loop die disselboom bo-op die vloerplank en by ander onder die vloerplank.

Die tent en raam.

Die meeste klein kapkarre se tente het uit vier rame bestaan met 'n klein ysterraampie vir voor die kappie. Die stutrame het bestaan uit twee dubbele opvoubare ysters aan elke kant wat op 'n stutbout aan die kant van die agterste sitplek raam stut. Dit is ook waar die modderskerm vaskom aan die agterkant.

Die tent se agterste pant het ook 'n venstertjie. Opsioneel is ook aanknipbare sy-panele.